LA RHONE LIMOUSINS

'jou vennoot in genetiese vooruitgang'

MEI 2009

Met die lang somer uiteindelik agter die rug en die eerste goeie winterreën en koue in die Boland, verskuif die aandag met groot opgewondenheid van die vrugte na die Limousins en 'n opwindende paar maande wat voorlê.

PRESTIGE LENTEVEILING – 17 SEPTEMBER 2009

Ons jaarlikse veiling vind weer vanjaar plaas saam met die Swartland stoetveeveiling op Donderdag, 17 September 2009 te Bossiesvlei, Moorreesburg. Hoewel die veilingdiere nog in die veld is, is hul reeds geidentifiseer. Daar word 10 bulle aangebied, waaronder Dodge, huidige Nasionale Grootkampioen bul. Die ander bulle sal met die veiling ongeveer 32 maande oud wees en is afstammelinge van FN0210, IC02165 (Leadwood Gatgai), MR0147 en Jacre Cobra. Hierdie bulle toon tans baie potensiaal met goeie vleiseienskappe en bespiering vir beide die stoet- en kommersiële koper. Hulle is streng geselekteer met al hul moeders wat TKP's van minder as 395 dae het.

Verskeie 3-in-1 koeie word aangebied, waaronder LR056, 'n FN0210 dogter met 'n Sauvignon verskalf en weer dragtig van Sauvignon. Ons beskou hierdie uitgesoekte groepie koeie as van die beste in ons stoet en in die ras en bied hulle met trots aan. Dragtige verse sluit in afstammelinge van FN0210, DK0330, Graham's Samson en ander KI bulle. Van hierdie diere behoort met gemak hul plek te kan volstaan by die SA Kampioenskappe volgende jaar in Vryburg. Kom kyk gerus na hulle by die Swartland Skou in Moorreesburg op 11 en 12 September.

Vervoer van diere na die kopers sal weer vanjaar sover moontlik gereël en gesubsidieer word. Skakel ons gerus vir enige navrae en akkommodasiereëlings tydens die veiling. Persone wat vervoer benodig van en na die lughawe is welkom om met ons te skakel sodat die nodige reëlings getref kan word.

2 van die veilingbulle LR0721 LaRhone Great Day (xFN0210) en LR074 La Rhone Ghandi (x VG9139 Jacre Cobra – x Tarvis) op 24 maande

NAMPO 2009

Tydens ons besoek aan Nampo was dit baie duidelik dat daar tans geweldige aanvraag vir Limousins is. Die stalletjie is oorval met navrae van kommersiële telers wat besig is om oor te skakel na Limousin bulle, asook voornemende telers wat met 'n stoet wil begin. Een van die koeie wat ons tydens 2008 se veiling verkoop het aan Ludwig Claassen, LR0450, het die ras verteenwoordig by die uitstalling. Ons is saam met die Claassen gesin trots op hierdie koei.

KLIËNTE

Ons het verskeie van ons kliënte besoek en was veral beindruk met die gehalte van Dodge kalwers wat ons by Friedel en Louise Mulke in George gesien het. Andries Els van Bothaville het sy eerste Escape kalwers gespeen en dit is werklik 'n uitstekende groep jong diere waarop hul met reg trots kan wees.

Ludwig Claassen het tydens Frankfort skou die besondere prestasie behaal om die opperste kampioen interras bul, sowel as die reserwe opperste kampioen interras vroulike dier te verower. Hy het albei hierdie diere op ons 2008 lenteveiling gekoop. Veels geluk met hierdie prestasies!

Sedert die vorige nuusbrief in Desember sê ons welkom en baie geluk aan Rico Suter van Breërivier en Andrew Julyan van Saldanha wat kommersiële bulle aangeskaf het. Coenie & Werner Leibbrandt van Durbanville en Johannes Uys van Bredasdorp is bestaande kliënte wat nog bulle gekoop het. Ook aan julle baie geluk en baie dankie vir die ondersteuning.

KUDDE

Ons Sauvignon kalwers is op die grond en tans ongeveer 4 – 5 maande oud. Hulle toon nou reeds buitengewone eienskappe wat betref vleiseienskappe en kwaliteit. Ons het reeds weer 'n groep koeie met Sauvignon ge-KI, asook met Patocle, 'n Franse bul wat veral oor uitstaande eienskappe beskik.

Die eerste kalwers van LR0653 (La Rhone 4 x 4) is gebore en lyk werklik baie belowend. 4 x 4 Is geteel uit Navire MN (Frankryk) en bring dus ook nuwe genetika in ons kudde. Ons is ook opgewonde oor die ontwikkeling van 4x4, wat nou 29 maande is en beloof om 'n kuddevaar te word. Hy word ook vanjaar baie in ons kudde gebruik saam met ons ou staatmakers, FN0210, DK0330 en Dodge.

ALGEMEEN

Sedert ons vorige nuusbrief is baie nuwe vriende gemaak oor die hele land, asook Namibië en Australië. Ons het 'n interessante besoek gehad van Limousintelers in Australië, Ron & Chris Andrews. Hulle het ook KI-kalwers van Sauvignon en is baie beindruk met ons diere. Ook die Namibiërs Sigi Wilckens en Hannes, Janine & Jurg Human het kom kuier. Jacob van der Walt van Zastron en sy gesin, asook Chris Marais en Sas Oosthuizen het hier 'n draai gemaak. Dit was vir ons 'n groot voorreg om julle en ook ons ou vriende wat altyd kom inloer te kon ontvang

Die Limousin het homself reeds keer op keer bewys as die slagter se gunsteling met vleis van uitsonderlike gehalte sonder oortollige vet en uitslagpersentasies wat deur geen ander ras geklop kan word nie. Ons ontvang graag terugvoering van ons kliënte en sien daarna uit om julle almal by Swartland Skou en Swartland Stoetveeveiling te sien.

Andre, Trudene & AJ du Toit
Sel : 082 787 9207, e-mail: larhone@obiekwa.co.za

www.larhone.co.za